



GENERALE MISSIVE

Nuusbrief van die Stigting VOC 6/15
Newsletter of the VOC Foundation

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
Internet: <http://www-voc-kaap.org> **E-pos:** vocinfo@voc.org **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: r.dcb@icloud.com. **Lidmaatskap /Membership:** me. S. Gelderblom: tel. 083-261-7008. e-pos: sgelderblom@mweb.co.za. **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** ABSA rek./acc. 9258840691: 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen Vrunden!

Welkom aan ons nuwe lid, me Hedwig van Coller van Bloemfontein – ons eerste Vrystater. Mag haar verbintenis met die Stigting lank, gelukkig en wedersyds verrykend wees. Die *Generale Missive* word gewy aan die Melck-pakhuis, ons besoek aan Losie de Goede Hoop op 29 Augustus, ons VOC-dagboek projek en die Streekname projek.

Die Melck-pakhuis: Die gebou, op die hoek van Bree- en Strandstraat dateer uit ongeveer die middel van die agtiende eeu en is op verskeie bekende tydgenootlike skilderye soos die van Schumacher en Brandes te sien. Die Kompanjie het dit van die bouer Melck se nakomelinge gehuur en as graanskuur, en by geleentheid ook as kaserne vir huursoldate, gebruik. Die huidige eienaars gebruik dit as 'n sportwinkel, maar wil dit graag uitbrei om ook kantoorruimte en parking in te sluit.

Die argitek Gawie Fagan het 'n meerverdiepingstruktuur ontwerp wat oor die ou pakhuis sal 'sweef' (dit is net beeldspraak – kyk na die twee ontwerpe wat Gawie voorsien het.) Bewaringsgesindes het daarteen beswaar gemaak omdat die verbouings nie net tasbare erfenis sal raak nie, maar ook die ontasbare, naamlik die visuele beeld en 'agtiende eeuse karakter' van die aangrensende Lutherse kerkgeboue. 'n Verdere vrees is dat dit die deur sal oop maak vir soortgelyke aansoeke.

Ons Stigting VOC het 'n verskeidenheid menings oor die voorgestelde bouwerke, maar die bestuurskomitee se besluit was om teen die voorstelle beswaar te maak. Die afgelope (amper) drie jaar het ons daardie besluit in hierdie nuusbrief en in die openbaar uitgedra. Gawie Fagan is 'n internasionaal gerekende argitek, 'n stigterslid van ons vereniging en o.a. wenner van ons Silwer Medalje vir Bewaring. Ter wille van ewewigtigheid en algemene inligting gee ons hom 'n geleentheid om sy standpunt te stel. Hy skryf soos volg:

'Beste Dan

Jou voorstel dat ek my siening oor die ontwikkeling van die Pakhuis beskikbaar stel word waardeur, en ek sal probeer om dit as volg op te som:

Erstens is die straatverdieping van die gebou feitlik geheel nuut. Blootlegging van die mure het getoon dat kwalik tien persent ou steenwerk is. Die Stadsraad se erfenis – spesialis wat die saak vir hulle moes ondersoek, het glo by 'n inspeksie *in loco* na 'n "pragtige

plafon" verwys, en moes deur Casey Augoustides reggehelp word dat dit inderdaad 'n nuwe konstruksie deur 'n onlangse eienaar is! Dit wek twyfel oor die bevoegdheid van die komitee-lede om 'n oordeel te vel. Die Pakhuis het inderdaad 'n lang geskiedenis van verbouings binne en buite.

Die Augoustides broers het hulle sportwinkel in die gebou bedryf, en was met rede besorg dat dit behou en gerestoureer word. Hulle het hulle dus beywer en daarin geslaag om met verdrag die onderdele van die ses verskillende eienaars uit te koop, sodat die gebou vir die eerste maal in twee eeue in enkelbesit is en dit dus makliker is om iets aan die vervalte toestand te doen.

Die Stadsraad gee geen belastingverligting nie, en dit het nog nooit by die beswaarmakers opgekom om dit by hulle aan te beveel nie. Die restourasie en instandhouding van 'n enorme ou gebou soos die Pakhuis is 'n duur storie en aangesien die gebou dit moeilik sonder aansienlike aanpassings finansieël kan inbring, is eers 'n ander argitek en daarna ons, gevra om ekstra verhuurbare ruimte bo-op te beplan.

Ek sal byvoorbeeld vir my eie kantoorgebou (een van slegs twee pakhuisse wat oor is van wat eens 'n algemene tipe in Kaapstad was) nooit 'n slopingspermit kry nie en kan my die kabaal voorstel as ek dit sou platslaan. Weens die gevaarlike swak toestand van die gebou het my koopbrief (nogal gekoop van die destyds bekende argiteksfirma Day and De Wet) gelui, "*Whereas the building is due for demolition it is sold voetstoots.*" Ek moes teen aansienlike koste een hele vloer vervang, en pylers deur Franki Africa onder die muur aan Breestraat met die grootste ongerief en verdere koste laat aanbring. Maar ten spyte van hierdie beperkte ontwikkelingsreg, betaal ek volle eiendomsbelasting. En dieselfde geld vir die Augoustides.

Hulle gebou soos dit tans daar uitsien is in 'n swak toestand, geen pragstuk vir die stad nie en behoort regtig nie so behou te word soos briëfskrywers aan *Die Burger* voorstel nie.

Die grootste beswaarmaakster was nog nooit in die gebou nie! En waar was al die Melcks, wat nou so baie in die koerant te sê het, al die jare toe hulle graanskuur so agteruit gaan?

Ek het vir tien jaar die Lutherse Kerk se geboue verniet gerestoureer. Maar nou kom 'n kollega en beweer by 'n publieke vergadering dat ek die huidige veranderings net vir die geld doen.

Al die handtekeninge teen die projek wat in die klein dorpie versamel is beteken niks want die mense het geen benul gehad waarvoor hulle teken nie. Ons het 'n dogter in Swellendam wat, toe sy vir die mense by haar kerk vra wat hulle teken, moes hoor dat "*We don't know but it's for a good cause.*"

Gesiene argitekte van Londen en die V.S.A. het my skema geprys, want dit is vandag aanvaarde praktyk om aanbouings aan erfenisgeboue te doen met goeie (uit die aard van die saak moderne) geboue. Ek het met opset die oue en nuwe van mekaar geskei deur een verdieping oop te laat, waardeur die graanskuur se vorm onbellemmerd lees. Die nuwe gebou skakel in met die moderne geboue daarom. Ons het twee jaar saam met die beplannings-afdeling van die Stadsraad gewerk totdat almal gelukkig was en hulle toe ons planne goedgekeur en gestempel het. Na die beswaarmakers honderde handtekeninge ingesamel het, het SPELUM, wat uit politici en nie uit argitektuurkenners bestaan nie, egter geskrik en die planne afgekeur. (Hulle het ongelukkig hierdeur die aanbeveling van hulle eie tegniese afdeling ignoreer.)

Ons het toe weer met die Stadsraad se beplannings-afdeling gewerk en die veranderings aangebring wat gevra is, hoewel ek nog oortuig is dat my eerste plan beter en goedkoper is. Weer is die planne goedgekeur en weer het die twee beswaarmakers met hulle besware gekom sonder om dit ooit met ons te bespreek. Ek dink werklik nie dat daar iemand by SPELUM is met die ervaring om sulke besluite te neem nie, terwyl ek reeds oor die 200

suksesvolle restourasie-projekte behartig het van die omvang van Tuynhuys, Tulbagh en die Kasteel tot die klein eenkamer-slawekerkie by Naaubepaald in die Paarl.

As ons die geleentheid laat verbygaan om dié deel vir die stad te verhef na 'n opwindende omgewing waar gerestoureerde erfenis en moderne geboue mekaar aanvul, sal dit baie jammer wees. Die ontwikkelaars is gretig om 'n goeie restourasie te doen, nie net van die Breestraat fasade nie, maar ook van die oorblywende 18de eeuse ruimte daarin, wat nou versteur word deur latere byvoegsels en dus nie vir die publiek toeganklik is nie.



Miskien moet die beswaarmakers weer versigtig dink of hulle ywer om ons erfenis te behou nie beter ingespan kan word om my voorstelle opnuut te oorweeg nie. As die gebou bly staan soos hy nou daar uitsien, kan ons net almal skaam wees daaroor.

Ek stuur twee tekeninge

- die een is my oorspronklike ontwerp wat eers goedgekeur is deur die beplanningskomitee van die Stadsraad en toe afgekeur is na ontvangs van die handtekeninge.
- die tweede tekening is die gebou met net drie verdiepings maar verder vorentoe om dieselfde verhuurbare ruimte te behou. Die gebou is meerendeels van glas soos die Stadsraad voorgestel het.

Ek verkies my oorspronklike ontwerp.

Beste groete
Gawie Fagan'



Hier is 'n bydrae van komiteelid Piet Westra. Hy verwys na die komiteebesluit t.o.v. die voorgestelde bouwerk.

'Hallo Dan

Ons is gevra om kommentaar te lewer op die nuwe planne van die Fagans om 'n moderne, massiewe struktuur bo-oor die VOC-pakhuis, een van die heel min geboue wat uit die 18^{de} eeu oorgebly het, aan te bring. Ek het min lus daarvoor want ek is in beginsel teen enige struktuur wat op, of bo-oor die pakhuis beplan word. My reaksie sou dieselfde wees as iemand 'n moderne struktuur bo-oor die Kasteel sou wou aanbring.

Ek en hope van my bewaringsgerigte vriende voel dat die Fagans 'n groot fout gemaak om by hierdie projek betrokke te raak. Ons is eintlik verbaas hieroor gesien die pragtige bewaringswerk wat hulle oor die jare gedoen het en die goeie verhoudings en vriendskappe wat hulle opgebou het. Dit help egter nie om "zoete broodjies over deze zaak te bakken." Die Stigting VOC behoort myns insiens duidelik die standpunt uit te spreek dat ons geen moderne struktuur van watter aard ook al bo-oor die skuur wil hê nie. Ons het die vorige planne afgekeur en die bousel wat nou beplan word is blykbaar nie beter nie (sien bylae 1). Selfs al sou dit beter wees as die vorige wil ons dit nie hê nie.

Net nog die verdere punt: as die aanbouings goedgekeur word gaan die oorspronklike pakhuis blykbaar ernstig beskadig word (sien bylae 2). O.a. word beplan om die

oorspronklike vensters van die gebou toe te messel en om hulle te vervang met 'n groter aantal kleiner vensters, wat heelwat kapwerk in die soliede klipmure gaan meebring. Dit word ook beplan om twee kolomme deur die dak, plaffon en vloer van die ruim soldervertrek na die grondvloer van die pakhuis aan te bring, wat die strukture daarbo moet help ondersteun. Daar is welgebaseerde vrese oor verdere ernstige beskadiging van die pakhuis tydens die bouproses.

Wat egter die heel ergste is dat die pragtige huidige vooraansig van die vroeëre en huidige Lutherse Kerkkompleks (die enigste van sy soort wat in die Kaap en die hele Suid-Afrika oorgebly het) vir altyd ernstig deur die moderne struktuur bederf en beskadig sal word.

Ek is dus ook daarteen dat die Fagans se *Doelstellings* mbt tot hul projek in ons volgende *Generale Missive* opgeneem word (Dagbestuur besluit?) In plek daarvan behoort die Stigting VOC so spoedig moontlik bekend maak dat ons die nuwe planne ook teenstaan. Ons moet ook ons stadsvaders, wat die planne steeds oorweeg en binnekort 'n besluit daaroor gaan neem, dringend versoek om nie toe te gee aan die druk wat in hierdie verband deur die ontwikkelaars op hulle geplaas word.

Ek waardeer jou versekering Dan dat die bestuur van die Stigting VOC my siening oor hierdie saak ten volle ondersteun.

Vriendelike groete
Piet Westra

(Sien twee bylae aangeheg met hierdie e-pos).

***VOC-dagboekprojek:** Ons beplan 'n nuttige sakformaat VOC-dagboek, met historiese datums, foto's en algemene inligting oor die VOC, met plek vir persoonlike aantekeninge, telefoonnummers, ens. Help asseblief om dit te verwesentlik deur interessante datums aan Roelof Brits te stuur. Ons het hom by sy werkplek besoek om te kyk wat hy al bymekaar gemaak het. Daar is al ongeveer 60 inskrywings op sy rekenaar, en sy realistiese entoesiasme vir die projek is 'n waarborg vir sukses.

***Besoeke aan die Vrymesselaarstempel, 't Losie de Goede Hoop,** op Saterdag, 29 Augustus 2015.

Komiteelid Nico Walters het vir ons 'n besoek aan hierdie geheimsinnige instelling gereël. Dit is nie vir die publiek toeganklik nie en bese gedagtes word al eeue lank aan die naam gekoppel. Wat is die vreemde sosiale verskynsel genaamd Vrymesselary, wat in die agtiende en negentiende eeue dwarsoor die wêreld versprei het? Daar was omtrent nie 'n politikus wat nie Vrymesselaar was nie (soos Washington, Jefferson, Franklin). Vrymesselaars het groot mag in die politiek, handel (soos die Oppenheimers) en in die gemeenskap uitgeoefen. In dié land is enkele bekende name die van Piet Retief, Langenhoven, Louis Botha en Gerhard Moerdyk.

Seevaart het die verspreiding en uitbreiding van Vrymesselary moontlik gemaak, en in seevaart het die VOC uitgemunt. Sy skippers was die Broederskap se reisende apostels en nuwe Losies is oral in die VOC se Indiese domein gestig. 't Losie de Goede Hoop' het op 2 Mei 1772 ontstaan, gemagtig deur *De Grote Nationale Logie van de Nederlanden*. (Hier pas die grillige 'Bloed in die Laan' gebeurtenis in, waarvan u sal hoor.) Aanvanklik het die Kaapse Broeders in gehuurde persele vergader, maar in 1800 is die huidige perseel naby die regering se perdestal en koetshuis (dus 'Stalplein') gekoop en die destydse geboue daarop gebruik. In 1801 was daar genoeg geld om 'n eie Tempel en Sociëteitshuis te bou. Drie talentvolle Broeders, naamlik die argitek Thibault, beeldhouer Anreith en bouer Schutte het

die taak uitgevoer. Drie van Anreith se oorspronklikebeelde, *Stilte*, *Dood* en *Verlies* bestaan nog. Kommissaris A.J. de Mist van die Bataafse Republiek was 'n Vise-Grootmeester van die Nederlandse Nasionale Losie en het die nuwe 'Losie de Goede Hoop' op 7 Julie 1803 ingewy. Hy het dit as die mooiste in die wêreld beskryf.

'n Banketsaal is later bygevoeg - dit het die Kaapse Parlement van 1854 tot 1884 gehuisves. Die kompleks het in 1892 deels afgebrand, maar is herbou en die volgende jaar heringewy. Dit is in 1968 as Nasionale Gedenkwaardigheid geproklameer. [Uit: J.J. Oberholster: *The National Monuments of SA*. Kaapstad, 1972.]

Wat was Vrymesselary se oorsprong en sy rol in die ou dae, en wat is sy funksie in die 21ste eeu? Wat beteken die groot suile *Jachin* en *Boas*? Waarom vier die Broeders die Nagmaal, waarom die kelder, die kerse en die doodkis, al die statige ritueel, die versierde uniforms en geheime handdrukke? Hoekom mans alleen? Wat gaan daar agter die swart gordyne aan?

Hierdie gaan een van die jaar se hoogtepunte wees. Toegang is baie moeilik te kry en dit is ook selde dat vrouens binne 'n Losie kom. Hoe ry ons tot daar? [Kyk kaart] Ry uit De Waalpad met Roelandstraat af tot by Stalplein, of van die Parade met Pleinstraat op tot by Stalplein. Gaan die ruitersstandbeeld (genl. Botha) verby en draai regs in Bouquet Straat. Daar is 'n polisiepunt (ons is nou langs Tuynhuis), hou dus ID-boeke gereed. Ry deur die groot poort [Kyk foto] tot op die parkeerterrein voor die Losie.

Program:

11h45: Verwelkoming in parkeer area. Betaal toegang aan Tesourier. (Koste: R80 (R60 vir die Losie (Spyseniering), R20 vir VOC-kas.) Groepfoto met VOC-vlag.

12h00: Geskiedenis van die "*Grand Lodge*" en die geboue (Grootmeester John Smith)

12h15: Toer deur die Tempel en terrein, begelei deur Grootmeester John Smith.


13h00: Agtergrond oor VOC se rol in Vrymesselary aan die Kaap (Dan Sleigh / Nico Walters.)

13h30: Vingerete en Heildronk: Huis van Oranje!

14h00: Bedankings en oorhandiging van geskenk.

(Almal sal betyds vir die rugby tuis wees.)

L.W.: Ons moet weet hoeveel mense om te verwag, vir die spyseniering. *RSVP* aan komiteelid Saretta Gelderblom; haar adres verskyn heel bo-aan.



***Streekname projek.**

Om kortpad te maak, gee ek die teks van 'n tien-minute-voorlegging aan die Stigting Simon van der Stel, by hul AJV op Saterdag, 8 Augustus 2015 gelewer. So word die poging voortgesit om gerespekteerde bewaringsgroepe se steun vir ons Streekname-projek te werf. Weet u van nog ander organisasies wat ons kan nader?

‘Good afternoon, Chairman, Ladies and Gentlemen. Thank you, Simon van der Stel Foundation, for an opportunity to address the AGM. We are a sister organisation, the VOC Foundation. We have about 120 members, and we always welcome new ones. Our aims are conservation and education about the VOC, internationally, in the period 1602-1798. We lecture on VOC topics and carry out practical conservation projects. We have completed more than thirty such projects, and six are now in progress. Among the latter are information boards for the VOC beacon at Geelbeksfontein and the deproclamation of the so-called ‘Van Riebeeck’s Hedge.’ And you will remember our *Meermin* ship model project, which is now beautifully displayed in the Slave Lodge Museum.

Much, much more difficult is the conservation of the intangible heritage, for instance of historical regional names. We are very concerned about centuries old regional names within a hundred kilometres of Cape Town, which are threatened with extinction. Some of them are: Koeberg, Groene Kloof, Slagtersveld, Swartland, Sandveld, Voorbaai, Agterbaai. They all started as names of agricultural regions, but they also served a social purpose. If I told you, in the old days: My grandmother is a Van der Spuy from the Koeberg who married a Louw from the Groene Cloof, you immediately knew: Where and With What they Farmed, their Worth, Wealth and Standing in Society, their Education, Politics and Social network, which Church they attended and where they sat in church; indeed you had a good idea of what they Looked like. Of more importance in the modern world are the Educational and Research aspects of 17th and 18th century regional names.

Now, the economy is changing. Tourism is the new big thing. And it is using all the media on a massive scale for its work and growth. Tourism did not invent it, but uses the blanket name of ‘West Coast’ to cover everything on their map, including towns and villages a hundred and seventy kilometers from the ocean, like Wupperthal. And Moorreesburg, Malmesbury and Koringberg are no longer ‘Swartland’ but ‘West Coast.’

How do you keep these ancient names from disappearing from the landscape and alive in the public mind? We thought that **THIS** might work: **ROAD SIGNS:** [See picture below.] You will notice that Provincial Nature Conservation and the former National Monuments Council were involved. (A pity about the bungled, typically bureaucratic insistence on translation.) That is the road ahead for us.



We have to approach the Provincial Roads Department with a watertight case. They are engineers with science degrees, practical men who wear hard hats. I am not sure that they care for the conservation of intangible heritage. ‘It’s dangerous, they will say, It will distract drivers, It can cause accidents.’

So we spoke (as I am doing here, but at greater length and in greater depth), to the following: Cape Town Tourism, West Coast Tourism, West Coast Biosphere, S.A. Cultural History Society, Heritage Western Cape and the Minister for Cultural Affairs (Western Cape Province) and appealed for their support. All were sympathetic, and agreed that we could mention their names in our correspondence.

That is all that we ask for. If the members feel that our 'Regional Names Project' merits support, it will be appreciated if they tell Management, and Management can let us know its decision. Thank you. Questions?'

* Die volgende Uitvoerende Komitee-vergadering is op Dinsdag 29 Augustus 2015.

Behouwde vaert!

D. Sleigh (Redakteur)

J. Sleigh (Uitleg en verspreiding)